basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V2

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

   AFDELING B
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die vraestel ingesluit.

4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 25 ton, 10 jaar, 50% en 45 m.

11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 **:** 50 000 topografiese kaart 2628AB BENONI en 'n 1 **:** 10 000 ortofotokaart 2628AB 17 BENONI word voorsien.

15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.


17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.

AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde gegee op die volgende vrae wat op landelike nedersettings gebaseer is. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D

Verwys na die foto's en skets hieronder van landelike nedersettingspatrone en faktore wat die posisie van landelike nedersettings beïnvloed om VRAAG 1.1.1 tot 1.1.4 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets/https://www.google.com.search/.edu/introhumangeo]

1.1.1 'n Ekonomiese voordeel van die nedersettingspatroon by **A**:

A In staat om vir wins te boer
B Het privaatheid
C Maklike toegang tot basiese dienste
D Minder sekuriteit

1.1.2 Die vorm van die nedersetting by **B**:

A Waterpunt
B Lineêr
C Rond
D Droëpunt

1.1.3 Die nedersettingspatroon by **C** is … en 'n sosiale (maatskaplike) voordeel van hierdie nedersettingspatroon is …

(i) verspreid
(ii) kernagtig
(iii) verhoogde sekuriteit
(iv) gefragmenteerde grond

A (i) en (ii)
B (i) en (iii)
C (ii) en (iii)
D (ii) en (iv)

1.1.4 Nedersetting **D** is 'n … nedersetting, want dit is … aan/van die waterbron geleë.

(i) waterpunt-
(ii) droëpunt-
(iii) naby
(iv) verder

A (i) en (iii)
B (ii) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (i) en (iv)

VRAAG 1.1.5 tot 1.1.8 is op grondhervorming gebaseer.

1.1.5 Die doel van grondhervorming in landelike nedersettings ná 1994 was om in Suid-Afrika … en ….

(i) landelik-stedelike migrasie te verhoog
(ii) ekonomiese groei te stimuleer
(iii) armoede te verlig
(iv) bestaansboerdery aan te moedig

A (i) en (ii)
B (ii) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (i) en (iii)

1.1.6 Die proses om mense te vergoed wat hulle grond vóór 1994 verloor het, staan as grond-… bekend.

A besit
B onteiening
C herverdeling
D restitusie

1.1.7 … is nodig vir suksesvolle grondhervorming.


A Gewillige-koper-en-gewillige-verkoperooreenkoms
B Gapings in grondhervormingsbeleide
C Landelike ontvolking
D Grondeisgeskille (-dispute)

1.1.8 Grond-… erken die regte van werkers om op plase te bly.

A restitusie
B onteiening
C besit
D hervorming (8 x 1) (8)

1.2 Verwys na die bron hieronder oor lae- en hoë-orde-funksies en -dienste wat in stedelike nedersettings aangebied word. Dit word as sentrale plekke beskou.

Kies die term/konsep in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.8 Y.




[Bron: Eksaminator se eie skets]

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	…-orde-sentrum **A** verskaf gespesialiseerde dienste/produkte.	**Y** **Z**	Hoë Lae
1.2.2	…-orde-sentrums het 'n groter reikwydte.	**Y** **Z**	Lae Hoë
1.2.3	Die reikwydte van sentrum **B** word bepaal deur … aangekoop word.	**Y** **Z**	hoe gereeld goedere die hoeveelheid produkte wat
1.2.4	Sentrum **A** word met 'n … invloedsfeer geassosieer.	**Y** **Z**	kleiner groter
1.2.5	Die totale aantal sentrums soos **B** is meer as gevolg van …	**Y** **Z**	spesialisering gerieflikheid
1.2.6	Die drempelbevolking van sentrum **B** is …	**Y** **Z**	laag hoog
1.2.7	Die verskeidenheid dienste wat in sentrums soos **A** aangebied word, is … as sentrum **B**.	**Y** **Z**	meer minder


(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die grafieke en die foto hieronder wat op landelike ontvolking gebaseer is.

BEELDGRAFIEK WAT GESLAGSVERSPREIDING VAN PLAASWERKERS TOON



LYNGRAFIEK WAT AANTAL PLAASWERKERS TOON



[Bron: Eksaminator se eie skets]

OORSAAK VAN LANDELIKE ONTVOLKING



[Bron: https://www.google.co/search?g=farm+with+machines]

1.3.1 Verwys na die lyngrafiek op bladsy 7.

(a) Beskryf die algemene neiging in die lyngrafiek met verwysing na die aantal plaaswerkers van 2023 tot 2025. (1 x 1) (1)

(b) Identifiseer die oorsaak van hierdie neiging (antwoord op VRAAG 1.3.1) soos in die foto uitgebeeld. (1 x 1) (1)

1.3.2 Verwys na die beeldgrafiek (geslagsverspreiding) op bladsy 7.

(a) Verlaat meer mans of meer vroue landelike nedersettings? (1 x 1) (1)

(b) Wat is die negatiewe sosiale (maatskaplike) impak hiervan (antwoord op VRAAG 1.3.2(a)) op landelike nedersettings? (2 x 2) (4)

1.3.3 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor wat landelike munisipaliteite kan implementeer (instel) om ontvolking van landelike nedersettings te verminder. (4 x 2) (8)

1.4 Verwys na die infografika hieronder oor Kaapstad se sentrale sakegebied (SSK) as 'n grondgebruiksone


KAAPSTAD STEL NUWE SSK RUIMTELIKE PLAN VOOR

Handel is die hoof- ekonomiese aktiwiteit van die sentrale deel van die stad Kaapstad. Dit is die rede waarom 'n groter aantal mense die sentrale sakegebied (SSK) besoek.

Die munisipaliteit van Kaapstad beplan om die SSK in 'n meer 'vriendelike' omgewing vir mense te verander met die doel om verkeersopeenhopings te verminder en groter toeganklikheid vir voetgangers te bewerkstellig.

[Aangepas uit https://atlanticsun.co.za/news/ 2025-04-07-have-your-say-on-plans-for-cbd/]

AANTAL BESIGHEDE IN KAAPSTAD SE SENTRALE SAKEGEBIED (SSK)



[Aangepas uit https://www.capetownccid.org/about-ccid/publications/61]



[Bron: https://www.capetownetc.com/news/see-where-cape-town-ranks-in-global-traffic- congestion]

1.4.1 Volgens die uittreksel, wat is die hoof- ekonomiese aktiwiteit in die sentrale sakegebied (SSK)? (1 x 1) (1)

1.4.2 Verwys na die grafiek wat die besighede in die SSK van Kaapstad toon.

(a) Identifiseer die besigheidsektor met die hoogste getal besighede. (1 x 1) (1)

(b) Noem die getal besighede in hierdie besigheidsektor (antwoord op VRAAG 1.4.2(a)). (1 x 1) (1)


(c) Gee EEN ekonomiese rede waarom hierdie besigheidsektor steeds in die sentrale sakegebied (SSK) geleë is. (1 x 2) (2)

(d) Waarom is bankwese en finansies versoenbaar met die meeste van die ander besighede in die sentrale sakegebied (SSK)? (1 x 2) (2)

1.4.3 (a) Verwys na die foto. Verduidelik waarom die stedelike kwessie wat in die foto uitgebeeld word, sal veroorsaak dat besighede buite die sentrale sakegebied (SSK) hervestig. (2 x 2) (4)

(b) Stel strategieë voor wat die munisipaliteit van Kaapstad kan implementeer om die stedelike kwessie, wat in die foto uitgebeeld word, te verminder. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die foto's en uittreksel hieronder oor die gebrek aan basiese dienste in 'n informele nedersetting.





'Diensverskaffing' is 'n algemene frase in Suid-Afrika se informele nedersettings. Dit word gebruik om die verspreiding van basiese dienste te beskryf, soos behuising, drinkbare (in waterpype) water, elektrisiteit en sanitasie waarop mense staatmaak. Ongelukkig het snelle verstedeliking die regering se verskaffing en onderhoud van hierdie basiese dienste beïnvloed. Dit is onbetroubaar, wat totale gemeenskappe verontrief of in gevaar stel. In reaksie hierop het die aantal protesaksies wat beter dienslewering eis, die afgelope paar jaar vermeerder.

Inwoners het onlangs in die informele nedersetting van Duncan Village teen onvoldoende behuising, sanitasie, elektrisiteit en vullisverwydering geprotesteer. Hierdie protesaksies het in geweld ontaard en brandstigting, vernietiging van geboue, padblokkades en konfrontasies met die polisie ingesluit.

[Aangepas uit https://www.google.com/search?q=case+study+in+south+africa+of+service+delivery]

1.5.1 Identifiseer EEN kenmerk van die informele huise wat in foto **A** uitgebeeld word. (1 x 1) (1)

1.5.2 Gee EEN ekonomiese rede waarom daar so baie informele huise in stedelike areas ontwikkel. (1 x 1) (1)

1.5.3 Verwys na die uittreksel. Noem EEN basiese diens (behalwe formele behuising) wat mense in informele nedersettings kort. (1 x 1) (1)

1.5.4 Verduidelik waarom plaaslike regerings in stedelike nedersettings sukkel om basiese dienste, soos formele behuising, aan inwoners te verskaf. (2 x 2) (4)

1.5.5 (a) Verwys na foto **B**. Waarom wend inwoners soos dié in Duncan Village hulle tot gewelddadige protesaksies weens die gebrek aan diensverskaffing? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik die negatiewe ekonomiese impak van hierdie gewelddadige protesaksies op stedelike gemeenskappe. (2 x 2) (4)

[60]

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.9 D.

2.1.1 Die ekonomiese aktiwiteit wat in die foto hieronder voorgestel word, vind in die … sektor plaas.



[Bron: https://www.google.com/search?q=Sugarcane+farming&client]

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

2.1.2 … is 'n voorbeeld van 'n ekonomiese aktiwiteit in die tersiêre sektor.

A Visvang
B Konstruksie
C Vervoer
D Bosbou

2.1.3 Die foto hieronder beeld 'n aktiwiteit uit wat met die … sektor geassosieer word.



[Bron: https://www.diabetes.ie/research/what-is-research]

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

2.1.4 'n … persentasie van die volwasse bevolking in ontwikkelde lande is by die tersiêre sektor betrokke, wat die grootste bydrae tot die … maak.

(i) groot
(ii) klein
(iii) bruto binnelandse produk
(iv) handelsbalans

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (ii) en (iv)

2.1.5 Foto's … en … hieronder verteenwoordig ekonomiese aktiwiteite in die sekondêre sektor.

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (ii) en (iv)

(i)



[Bron: https://www.economicshelp.org/blog/]12436/concepts/sectors]

(ii)



[Bron: economy/https://www.alamy]

(iii)




[Bron: https://www.economics help12436/concept]

(iv)



[Bron: https://www.google.com/ letsbuild.com]

Verwys na die sirkelgrafiek hieronder, gebaseer op die bydrae wat verskillende aktiwiteite tot die ekonomie van Suid-Afrika maak, om VRAAG 2.1.6 tot 2.1.8 te beantwoord.



[Bron: https:/www.researchgate.net/figure/Structure-of-the-South-African economy]

2.1.6 … dra die grootste persentasie tot die ekonomie van Suid-Afrika by.

A Elektrisiteit
B Finansies en versekering
C Gemeenskap
D Vervaardiging



2.1.7 Die sekondêre sektor dra … % tot die ekonomie van Suid-Afrika by.

A 13
B 15
C 18
D 21

2.1.8 … dra die kleinste persentasie tot die tersiêre sektor by.

A Regering
B Elektrisiteit
C Konstruksie
D Finansies en versekering (8 x 1) (8)

2.2 Voltooi die stellings in KOLOM A met die opsies in KOLOM B. Skryf slegs die letter (**Y** of **Z**) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 Y.

	KOLOM A		KOLOM B
2.2.1	'n … nywerheid is naby die hawe geleë.	**Y** **Z**	Vragverbreking- Grondstof-georiënteerde
2.2.2	Ligte nywerhede vervaardig produkte wat oor die algemeen … is met betrekking tot grootte.	**Y** **Z**	klein groot
2.2.3	Die ligging van … nywerhede word nie deur toegang tot markte bepaal nie.	**Y** **Z**	alomteenwoordige ongebonde
2.2.4	Die … nywerheid hieronder vervaardig melkprodukte.  [Bron: economy/ https://www.alamy.com/a-farm]	**Y** **Z**	grondstof-georiënteerde mark-georiënteerde
2.2.5	Die … nywerheid hieronder veroorsaak groot hoeveelhede lugbesoedeling.  [Bron: economy/ https://www.alamy.com/a-farm]	**Y** **Z**	swaar ligte
2.2.6	Suikermeulens (nywerheid) is gewoonlik op suikerriet-plase geleë om … te verminder	**Y** **Z**	vervoerkoste arbeidskoste
2.2.7	… nywerhede hieronder verskaf 'n diens wat oral aangetref word.  [Bron: economy/ https://www.alamy.com/a-farm]	**Y** **Z**	Alomteenwoordige Ongebonde

(7 x 1) (7)

2.3 Verwys na die infografika hieronder wat op goud-mynbou in Suid-Afrika gebaseer is.

GOUDPRODUKSIE			
PROVINSIE	**RESERWES**	**TOTALE OPBRENGS**	**JARE OOR VAN GOUD-OPBRENGS**
Vrystaat	3,37	0,55	6
Gauteng	56,88	1,56	37
Mpumalanga	3,31	0,20	16
Noordwes	4,53	0,25	18
Totaal	68,09	2,56	


[Aangepas uit PwC's South Africa Mine 2023 Report]

GOUDOPBRENGS (PRODUKSIE) IN SUID-AFRIKA HET GEDAAL

Goudmynbou-opbrengs (produksie) het in 2024 Suid-Afrika se totale mynbou-opbrengs beduidend beïnvloed, met 'n daling van meer as 80% oor die afgelope vier dekades. Die sektor verskaf werk aan 477 000 Suid-Afrikaners en betaal die regering jaarliks meer as R140 miljard aan belasting.

Een van die redes vir die dalende opbrengs (produksie) kan daaraan toegeskryf word dat dit 'n nie-hernubare mineraal is. Die Vrystaat het vyf goudmyne in werking. Nog 'n bydraende faktor is die disinvestering (onttrekking van fondse) van buitelandse eienaars in ons goudmyne. Verskeie mynrampe en arbeidskwessies het tot die sluit van goudmyne bygedra. Dit sal waarskynlik 'n beduidende ekonomiese impak hê op die streke wat daardeur geraak word, soos die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes.

[Aangepas uit https://dailyinvestor.com/mining//gold-mining-has-lost-its-shine-in-south-africa]



[Aangepas uit Minerals Council of South Africa]

2.3.1 Watter provinsie het die minste jare van goud-opbrengs (produksie) oor? (1 x 1) (1)

2.3.2 Waarom, volgens die uittreksel, is daar 'n afname in goud-opbrengs (produksie)? (1 x 1) (1)

2.3.3 Bepaal die daling in die goud-opbrengs(produksie)-persentasie van 1984 tot 2024 soos in die grafiek uitgebeeld. (1 x 1) (1)

2.3.4 Gee TWEE voorbeelde van natuurlike rampe wat tot die verval van goudmyne bygedra het. (2 x 1) (2)

2.3.5 Watter negatiewe impak het die uitputting van die goud-opbrengs (produksie) op die ekonomie van Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

2.3.6 Verduidelik hoe arbeidskwessies veroorsaak het dat buitelandse eienaars hulle beleggings in Suid-Afrikaanse goudmyne onttrek het. (3 x 2) (6)

2.4 Verwys na die infografika hieronder oor die Durban-Pinetown-kern-nywerheidstreek en die Dube-handelshawe-nywerheidsontwikkelingsone (NOS).

R1 MILJARD-BELEGGING DEUR TOYOTA OM MOTORNYWERHEID IN DURBAN-PINETOWN TE VERBETER


Motormontering is besig om die hoofnywerheid in die Durban-Pinetown-kern-nywerheidstreek te word. Die doel is om hoëwaarde- en arbeidsintensiewe vervaardiging in KwaZulu-Natal (KZN) te probeer verseker. Die kern-nywerheidstreek het 'n baie sterk voetspoor in elektronika, hoëwaarde-voedselprosessering en verpakking en tekstielstowwe.

Die Durban-Pinetown-kernnywerheidstreek is geleë op gelyk grond en daar is ruimte vir groei en uitbreiding. Die internasionale motorvervaardiger Toyota het daarheen verhuis. Die Durban-hawe is 'n wêreldklas-fasiliteit wat die motor-nywerheid bevoordeel.

Die motorvervaardigingsektor dra jaarliks ongeveer R21 miljard tot die plaaslike ekonomie by en verskaf werk aan ongeveer 20 000 mense.

[Aangepas uit https://iol.co.za/1bn-investment-to-bolster-auto-industry-in-ethekwini]

DURBAN-PINETOWN-KERN-NYWERHEIDSTREEK



[Bron: Eksaminator se eie skets/ www.google.com/search?different+transport +modes]

FEITE-LÊER: DUBE-HANDELSHAWE

- Nywerheidsontwikkeling-sone (NOS) wat geïntegreerde logistiek- en vervaardigings-infrastrukture aanbied
- Strategies geleë by die kruising van plaaslike en globale vervoerroetes
- Uitvoer- en invoerfasiliteite beslaan 38 km²
- Lok plaaslike en buitelandse beleggings

[Aangepas uit https://iol.co.za/daily news]

2.4.1 Noem die provinsie waarin die Durban-Pinetown-kernnywerheid-streek geleë is. (1 x 1) (1)

2.4.2 Haal EEN faktor uit die uittreksel aan wat die ligging van die Durban-Pinetown-kernnywerheidstreek beïnvloed het. (1 x 1) (1)

2.4.3 Volgens die uittreksel, wat is die hoof-nywerheidsaktiwiteit in die Durban-Pinetown-kernnywerheidstreek? (1 x 1) (1)

2.4.4 Hoe sal die R1 miljard-belegging in hierdie hoof-nywerheids-aktiwiteit (antwoord op VRAAG 2.4.3) 'n positiewe sosiale (maatskaplike) impak op die Durban-Pinetown-kernnywerheidstreek hê? (1 x 2) (2)

2.4.5 Waarom is die hawe, wat in die foto getoon word, belangrik vir die ontwikkeling van hierdie kernnywerheidstreek? (1 x 2) (2)

2.4.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die bydrae van die Dube-handelshawe tot die diversifikasie (toename in verskeidenheid) van die vervaardigingsnywerhede van die provinsie. (4 x 2) (8)

2.5 Verwys na die infografika hieronder oor die informele sektor.

INFORMELE SEKTOR VAN SUID-AFRIKA


AKTIWITEITE IN DIE INFORMELE SEKTOR	BENADERDE JAARLIKSE INKOMSTE IN SUID-AFRIKA GEGENEREER IN 2025, IN RANGORDE
Spaza-winkels	R190 miljard
Kitskos	R90 miljard
Minibus-taxi's	R90 miljard
Besparings/Stokvels	R44 miljard
Spaza-winkel-verhurings	R25 miljard
Agterplaasverhurings	R20 miljard
Skoonheidswinkels	R10 miljard

[Bron: https://www.statssa. Gov.za/?p-18255]

IMPAK VAN MINIBUS-TAXI'S OP DIE INFORMELE SEKTOR

Daar is meer as 200 000 minibus-taxi's in Suid-Afrika, wat elke dag meer as 15 miljoen pendelaars vervoer. Daar word beraam dat minstens R90 miljard wins jaarliks gegenereer word. Minibus-taxi's is die gerieflikste bron van openbare vervoer, verantwoordelik vir 65%, gevolg deur busse teen 20% en treine teen 15%.

Minibus-taxi's het 'n direkte en indirekte impak op die informele sektor. Minibus-taxi's verskaf werksgeleenthede aan ongeveer 600 000 mense. Minibus-taxi-bestuurders, rybeamptes ('queue marshals'), wat R300 'n week verdien, motorwassers en informele handelaars is sommige van die mense wat direk of indirek in diens van minibus-taxi-eienaars staan.



[Bron: https://ebe.uct.ac.za/articles/-minibus-taxis-crucial-public-transport]


2.5.1	Wat is die *informele sektor*?	(1 x 2)	(2)
2.5.2	Gee die benaderde jaarlikse inkomste wat minibus-taxi's in 2025 gegenereer het, soos in die tabel aangedui.	(1 x 1)	(1)
2.5.3	Waarom is kitskos-afsetpunte en minibustaxi's ekonomies versoenbaar?	(1 x 2)	(2)
2.5.4	Gee EEN rede waarom minibus-taxi's geriefliker vir pendelaars is as busse en treine.	(1 x 2)	(2)
2.5.5	Beskryf die negatiewe omstandighede, getoon in die foto, waaronder minibustaxi-bestuurders moet werk.	(2 x 2)	(4)
2.5.6	Verduidelik die uitdagings wat die regering ondervind wanneer hulle probeer om die negatiewe omstandighede wat minibustaxi-eienaars en pendelaars ervaar, te verbeter.	(2 x 2)	(4)
			[60]

TOTAAL AFDELING A: 120

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

ALGEMENE INLIGTING OOR BENONI



Koördinate: 26º07'S; 28º17'O

Benoni is aan die Oos-Rand geleë en lê ongeveer 26 km vanaf Johannesburg. Benoni het 'n vermenging van voorstedelike areas en semi-landelike gebiede in die noorde. Die kommersiële sakegebied is sentraal geleë met nywerheidsgebiede na die suide.

Die spoorlyn is in 1912 amptelik geopen. Benoni is nou deel van die nywerheidskompleks van die Witwatersrand en is bekend vir sy yster- en staalwerke. Die uitgrawings verwys na die ou goudmyne aangesien formele goudmynbou nie meer plaasvind nie.

[Aangepas uit https://en.wikipedia.org/wiki/Benoni,_South_Africa#Geography]

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon:

ENGLISH	**AFRIKAANS**
Diggings	Uitgrawings
Extension	Uitbreiding
Golf course	Gholfbaan
Lake	Meer
Opencast mine	Oopgroefmyn

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Benoni is ongeveer … km van die stad Johannesburg geleë.

A 9
B 26
C 39
D 60 (1 x 1) (1)

3.1.2 Verwys na die indeks van velle hieronder. Die verwysingsnommer van die kaart suidwes van die topografiese kaart 2628AB is ...

2528CC	2528CD	2528DC
2628AA	**2628AB**	2628BA
2628AC	2628AD	2628BC

A 2628AA.
B 2628BC.
C 2628AC.
D 2628DC. (1 x 1) (1)

Verwys na **F** in blok **C5** op die topografiese kaart.

3.1.3 Bereken die oppervlakte van **F** in vierkante meter (m²).

Gebruik die volgende inligting:

Lengte = 0,9 cm
Breedte = 0,4 cm

Formule: **Oppervlakte = Lengte (L) x Breedte (B)** (3 x 1) (3)

Verwys na die ortofotokaart.


3.1.4 Bereken die gemiddelde gradiënt tussen **6** in blok **A3** en **7** in blok **C3** deur die volgende inligting te gebruik:

Vertikale interval = 12 m
Ortofotokaart-afstand = 11 cm

Formule: **Gemiddelde gradiënt** = **Vertikale Interval (VI)** / **Horisontale Ekwivalent (HE)**

(3 x 1) (3)

3.1.5 Teken die skets hieronder oor en dui by (a) en (b) die antwoord aan wat jy in VRAAG 3.1.4 bereken het.



(2 x 1) (2)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na **G** in blok **D4** op die topografiese kaart. Die foto hieronder verteenwoordig EEN van die nywerhede in hierdie area.



[Bron: https://www.google.co.za/search?q= Projects+Pty+LTD%2C+2C+Crystal+Park%2C+Benoni]

3.2.1 Die geboue by **G** in blok **D4** verteenwoordig (ligte/swaar) nywerhede. (1 x 1) (1)

3.2.2 Verduidelik hoe die vervoerinfrastuktuur sigbaar in blok **D4** die ligging van hierdie nywerhede bevoordeel het (jou antwoord op VRAAG 3.2.1). (1 x 2) (2)

Verwys na area **H** in blok **E1** op die topografiese kaart.

3.2.3 Gee bewyse uit blok **E1** op die topografiese kaart om te regverdig hoekom area **H** 'n hoë-inkomste- residensiële gebied is. (2 x 1) (2)

3.2.4 Identifiseer die straatpatroon wat hierdie residensiële gebied domineer. (1 x 1) (1)

3.2.5 Hoe het die Westdene-pan bygedra tot die vorming van die straatpatroon wat in VRAAG 3.2.4 geïdentifiseer is? (1 x 2) (2)

Verwys na die ortofotokaart.

3.2.6 Identifiseer verskynsel **8** in blok **D1** en **E1**. (1 x 1) (1)

3.2.7 Noem die ekonomiese sektor wat met verskynsel **8** (jou antwoord op VRAAG 3.2.6) geassosieer word. (1 x 1) (1)

3.2.8 Hoe is verskynsel **8** 'n uitdaging vir die omliggende gemeenskappe? (1 x 2) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart. Pas die inligting in KOLOM A by die inligting in KOLOM B. Skryf slegs die nommer langs die letter in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. (c) 4.

3.3.1

KOLOM A	KOLOM B
(a) Topografiese kaart	1. rasterdata
(b) Ortofotokaart	2. vektordata

(2 x 1) (2)

3.3.2 Die ortofotokaart het 'n hoë resolusie omdat die pixels … is en die verskynsels ...

(i) klein
(ii) groot
(iii) makliker is om te identifiseer
(iv) moeiliker is om te identifiseer

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (ii) en (iv) (1 x 1) (1)

Verwys na die topografiese kaart.

3.3.3 Definieer die term *bufferskepping.* (1 x 2) (2)

3.3.4 Identifiseer die fisiese (natuurlike) verskynsel wat gebruik is om die Vanryn-dam by **I** in blok **B5** te buffer. (1 x 1) (1)

3.3.5 Hoe het bufferskepping van die Vanryn-dam 'n positiewe menslike impak op die omliggende area gehad? (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou